# REGISTRASIEREËLINGS VIR 2026 NUWELING-EERSTEJAAR VOORGRAADSE STUDENTE

## FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDS-WETENSKAPPE

Die onderstaande inligting het betrekking op die registrasie van nuweling-eerstejaarstudente van voorgraadse programme van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), d.w.s. studente wat vir die eerste keer as 'n FGGW eerstejaar vir 'n voorgraadse program registreer, **en ook dié studente wat reeds 'n ander graad(e) (soos 'n BSc-graad) voltooi het.**

## INHOUD


1. Belangrike datums vir nuwelinge ..... 2
2. Verifikasie van vorige tersiêre registrasie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ..... 2
3. Registrasie vir nuweling voorgraadse studente gebaseer op die Tygerberg- en Stellenbosch-kampus ..... 2
   OPSIE 2: Geassisteerde e-pos registrasie ..... 3
   OPSIE 2: Geassisteerde registrasie op kampus ..... 3
4. Inlewering van Toelatingsbewysdokumente ..... 3
5. Voorafregistrasieklaring vir internasionale studente ..... 4
6. Stappe vir studentekaart uitreiking en aktivering op Tygerberg-kampus tydens die verwelkomingsprogram ..... 4
7. Studentegelde en rekeningnavrae ..... 5
8. Finansiële hulp aan studente by die Tygerberg-kampus: ..... 6
   8.1 Voorgraadse finansiële bystand en beursnavrae ..... 6
   8.2 NSFAS-toelaes* ..... 6
   8.3 Toelaes vir beurse van private skenkers en provinsiale departemente vir voorgraadse studente ..... 7
9. Registrasie verantwoordelikhede en laat registrasie ..... 7
10. Koshuisplasingsnavrae ..... 7
11. Kontrolering van Registrasiebewys ..... 8
12. Voldoening aan Module- en Programvereistes ..... 8
13. Inentings ..... 8
14. Veiligheidsriglyne ..... 10
15. Onderrig/Kliniese Opleiding op die Verspreide Platform ..... 10

## 1. Belangrike datums vir nuwelinge

- **22 Januarie 2026:** Begin van ge-assisteerde registrasie vir nuweling voorgraadse studente
- **30 Januarie 2026:** Uitreiking en aktivering van studentekaarte op kampus vir nuweling FGGW voorgraadse studente.
- **3 Februarie 2026:** Sluitingsdatum vir registrasie van nuweling voorgraadse studente.
- **5 Februarie 2026:** Sluiting van registrasie vir alle studente (behalwe nuweling M- en D-studente).
- **9 Februarie 2026:** Aanvang van die akademiese jaar vir eerstejaar-voorgraadse studente.
- **20 Februarie 2026:** Laaste dag vir laat registrasie van voorgraadse en nagraadse studente (behalwe nuwe M-navorsing- en D-studente) met vooraf toestemming**.**

## 2. Verifikasie van vorige tersiêre registrasie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding

Die Voorgraadse Keuringskantoor sal die besonderhede van alle gekeurde aansoekers wat nie hul vorige tersiêre registrasie verklaar het nie, aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorlê vir verifikasie.

Neem asseblief kennis dat, indien dit vasgestel word dat jy as 'n matriek-aansoeker aansoek gedoen het sonder om vorige tersiêre studie te vermeld, jou keuring en registrasie met onmiddellike effek herroep sal word.

Indien jy nie jou vorige studies tydens die aansoekproses verklaar het nie, word jy sterk aangemoedig om dit proaktief te doen deur tygselections@sun.ac.za te kontak.

## 3. Registrasie vir nuweling voorgraadse studente gebaseer op die Tygerberg- en Stellenbosch-kampus

3.1 As 'n **nuweling voorgraadse student**, en om jou plek in 'n program van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe te verseker, moet jy vanaf 22 Januarie 2026, binne 3 kalenderdae registreer of 3 kalenderdae nadat jy jou finale aanbod aanvaar het (indien jy 'n aanbod na 22 Januarie 2026 aanvaar het), registreer.
**LET WEL:** Jou finale toelating kan gekanselleer word indien jou voornemende program vol is, aangesien programme kan sluit sodra die teikenaantal studente bereik is. Registrasie sal dus op 'n eerste-kom-eerste-bedien-basis plaasvind.

3.2 Die verantwoordelikheid berus by elke student om jaarliks te registreer.

3.3 As 'n **nuwelingstudent** moet jy seker maak dat jy geregtig is om vir die 2026-akademiese jaar te registreer voordat jy probeer registreer.

3.4 **Registrasie-opsies**
Daar is twee (2) opsies beskikbaar om amptelik as 'n voorgraadse student van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe te registreer.

## OPSIE 2: Geassisteerde e-pos registrasie

Voltooi die registrasievorm, wat hier gevind kan word, en heg dit aan jou registrasie-versoek deur 'n e-pos te stuur aan fmhsregistration@sun.ac.za.

## OPSIE 2: Geassisteerde registrasie op kampus

Die volgende personeel is beskikbaar om te help met op-kampus registrasie

| Personeellid | E-pos | Telefoon nr. |
|---|---|---|
| **Tygerberg-kampus** | | |
| Mnr Bernard Makhotla | fmhsregistration@sun.ac.za | Kamer 1058, $1^{ste}$ Vloer Kliniese Gebou |
| Mev Nobukho Njemla-Klaas | | |
| Mev Megan Jantjies, | | Kamer 1059, $1^{ste}$ Vloer Kliniese Gebou |
| **Stellenbosch-kampus** | | |
| Me Jamie-Lee Fredericks | fmhsregistration@sun.ac.za | Kamer 2004, $2^{de}$ Vloer, Inorganiese Chemiegebou |

# 4. Inlewering van Toelatingsbewysdokumente

4.1 Nuweling eerstejaars wat die **Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen** afgelê het, moet:

4.1.1 twee **gewaarmerkte** fotokopieë van hul oorspronklike uitslagadvies/senior sertifikaat wat van die betrokke onderwysdepartement ontvang is, indien,

4.1.2 sowel as twee **gewaarmerkte** fotokopieë van die toepaslike identiteitsdokument (**RSA-burgers**: ID of geboortesertifikaat [geen paspoorte of rybewyse nie] en **internasionale studente**: paspoort, studiepermit **en** bewys van Suid-Afrikaanse Medieseversekering).

4.2 Nuwelingeerstejaars wat 'n ander eksamen as die NSS afgelê het (bv. kandidate van die *School of Tomorrow*) moet:

4.2.1 twee **gewaarmerkte** fotokopieë van hul oorspronklike uitslagadvies in dien,

4.2.2 sowel as twee **gewaarmerkte** fotokopieë van die toepaslike identiteitsdokument (**RSA-burgers**: ID of geboortesertifikaat [geen paspoorte of rybewyse nie] en **internasionale studente**: paspoort, studiepermit **en** bewys **van** Suid-Afrikaanse Medieseversekering).

4.2.3 'n Matrikulasie Vrystellingsertifikaat (*Exemption Certificate for Admission to Bachelor's Degree Studies*) inlewer.

4.3 Studente wat aan ander universiteite gestudeer het, moet benewens die afskrifte van die senior sertifikaat en die toepaslike identiteitsdokumente soos hierbo genoem, ook hulle oorspronklike studierekords en bevredigende gedragsertifikate indien.

4.4 Die datums, tye en plekke vir indiening van alle toelatingsdokumente vir die verskillende programme is soos volg:

4.4.1 Al hierdie bewyse van **BSc in Dieetkunde I** kan dit inhandig tydens die

verwelkomingsprogram op Maandag, 2 Februarie 2026 by die Afdeling: Menslike Voeding, Lesingsaal 1., Onderwysgebou, Tygerberg-kampus.

4.4.2 Alle dokumente vir **BSc in Fisioterapie I**-studente moet uiterlik Maandag, 2 Februarie 2026, by die Afdeling Fisioterapie, Onderwysgebou, Tygerberg-kampus, ingehandig word.

4.4.3 Alle dokumente vir **MBChB I**-studente moet teen Woensdag, 4 Februarie 2026, per e-pos na mbchb@sun.ac.za gestuur word.

4.4.4 Alle dokumente vir **B Spraak-, Taal- en Gehoorterapie I-**studente moet tydens die verwelkomingsprogram op Maandag, 2 Februarie 2026, by die Afdeling Spraak-, Taal- en Gehoorterapie, Onderwysgebou, Tygerberg-kampus, ingehandig word.

4.4.5 Alle dokumente vir **B Arbeidsterapie I**-studente moet op Dinsdag, 3 Februarie 2026, ingehandig word by Me. Karen Ferreira, Afdeling Arbeidsterapie, Kamer 2009, Onderwysgebou, Tygerberg-kampus.

4.4.6 Alle dokumente vir **B Verpleegkunde I**-studente moet tydens die verwelkomingsprogram op Maandag, 2 Februarie 2026, ingehandig word by die Departement Verpleegkunde en Vroedkunde.

## 5. Voorafregistrasieklaring vir internasionale studente

5.1 Alle internasionale studente word vereis om 'n **gesertifiseerde** afskrif van stawende dokumentasie vir voorafregistrasieklaring te verskaf voordat hulle vir die akademiese program registreer. Jy moet die **gesertifiseerde** dokumentasie hier oplaai

5.2 **Die volgende dokumentasie moet per <u>opgelaai word om voorafregistrasieklaring te verkry</u>:**

5.2.1 Bewys van geldige paspoort (gesertifiseer);
5.2.2 Bewys van geldige studievisum (gesertifiseer, indien van toepassing);
5.2.3 Bewys van Suid-Afrikaanse mediese dekking (indien van toepassing); en
5.2.4 Bewys van betaling of beursbrief.

5.3 **'n E-pos kennisgewing sal aan jou teruggestuur word om te bevestig dat voorafregistrasie afgehandel is en jy kan dan verder voortgaan met die registrasieproses**

## 6. Stappe vir studentekaart uitreiking en aktivering op Tygerberg-kampus tydens die verwelkomingsprogram

**STUDENTEKAART AKTIVERING VAN NUWELING-EERSTEJAARSTUDENTE VAN: BSc IN DIEETKUNDE, BSc IN FISIOTERAPIE, B IN VERPLEEGKUNDE EN MBChB OP VRYDAG, 30 JANUARIE 2026**

| **STUDENTEKAART UITREIKING EN AKTIVERING EN STAPPE:** | |
|---|---|
| **Stap 1** | Neem foto vir studentekaart in Lesinglokaal 3, Onderwysgebou, Tygerberg-kampus |
| **Stap 2** | Ontvangs van studentekaart, Lesinglokaal 6, Onderwysgebou , Tygerberg-kampus |

**Die studentekaartaktiveringsproses is ná hierdie twee stappe voltooi.**

| Stap 3 | **OPSIONEEL:**<br>Assesseringsentrum, 5de Vloer, Onderwysgebou<br>Jy moet aansoek doen vir parkering op kampus. Die uitkoms van jou aansoek sal te gepaste tyd per e-pos aan jou gekommunikeer word. Indien 'n parkeerplek aan jou toegeken word, sal jy 'n parkeerskyf per e-pos ontvang, wat jy moet uitdruk, uitknip en aan die voorruit van jou voertuig heg.<br>Parkeerskywe kan ook verkry word by die Voertuigpoel, wat direk agter die Tygerberg Studentesentrum (TSS) geleë is. |
|---|---|

## 7. Studentegelde en rekeningnavrae

7.1 Alle Studentegelde/studenterekeningverwante navrae moet aan die Studentegelde-afdeling gerig word.

- 7.1.1 E-pos: Me Lésanne Matthee (lm@sun.ac.za) of vind inligting via die volgende webwerwe:
- 7.1.2 Studentegelde Jaarboek
- 7.1.3 Studiegelde | Universiteit Stellenbosch
- 7.1.4 US Beurse-en Lenings

7.2 **Suid-Afrikaanse en internasionale studente met geldige permanente verblyf in Suid-Afrika en internasionale studente met vlugtelingstatus:**

- 7.2.1 Die gelde betaalbaar teen die einde van Februarie is soos per die tabel onder en, indien van toepassing, die eerste paaiement van Koshuisfooie (etes uitgesluit).

| | **Voorgraads** | **Nagraads** | **Diploma** |
|---|---|---|---|
| **Eerste paaiement van Studiegeld** | 20 % van Totale studiegelde | 20 % van Totale studiegelde | 20 % van Totale studiegelde |
| **Plus: (Indien van toepassing)** | | | |
| **Eerste paaiement van Koshuisfooie** | R 5 100 | R 5 100 | R 5 100 |

- 7.2.1 Die gelde betaalbaar moet as volg gemaak word:

| **DATUM** | **% VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR** | **% BETAALBAAR VIR DEBIETORDER** |
|---|---|---|
| 28 Februarie | 20 | 10 |
| 31 Maart | 20 | 10 |
| 30 April | 20 | 10 |
| 31 Mei | 20 | 10 |
| 30 Junie | 5 | 10 |
| 31 Julie | 5 | 10 |
| 31 Augustus | 5 | 10 |

| DATUM | % VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR | % BETAALBAAR VIR DEBIETORDER |
|---|---|---|
| 30 September | 5 | 10 |
| 31 October | - | 10 |
| 30 November | - | 10 |

7.3 **Internasionale studente**

7.3.1 Hierdie bedrae is nie van toepassing op internasionale studente nie, uitgesonderd internasionale studente met geldige permanente verblyfreg in Suid-Afrika en internasionale studente met vlugtelingstatus - **klik hier** om na Stellenbosch Universiteit Internasionaal se webtuiste geneem te word.

7.3.2 Alle Internasionale studente, insluitend Namibiërs, moet hul volle studiegelde teen die datum van registrasie vereffen.

7.3.3 Internasionale studente, wat van Universiteitskoshuise gebruik maak moet ten minste R25 000 van die koshuisgelde en ten minste R15 000 van die toelaatbare etekwota vir die jaar vir plasing op die rekening met registrasie betaal (indien in 'n US-koshuis geplaas wat etes verskaf).

7.4 Alle agterstallige bedrae van 'n vorige jaar moet vereffen wees voordat jy vir 'n volgende jaar mag registreer.

7.5 **Klik hier** vir verdere inligting oor 2026-gelde.

## 8. Finansiële hulp aan studente by die Tygerberg-kampus:

Ons is deeglik bewus van die finansiële druk waaronder Suid-Afrikaanse huishoudings vir Studentegelde moet voorsien. Ons streef dus steeds daarna uit om finansieel behoeftige studente wat akademies verdienstelik is, sover moontlik by te staan. Vergewis jou asseblief van die verskillende kategorieë en vorme van finansiële bystand wat beskikbaar is.

### 8.1 Voorgraadse finansiële bystand en beursnavrae

8.1.1 Navrae kan na die Tygerberg-kampus se Voorgraadse Beurse- en Leningskantoor verwys word tygbursaries@sun.ac.za as jy 'n voorgraadse student is.

8.1.2 Afsprake om personeel te raadpleeg kan geskeduleer word via Microsoft Teams of telefonies, die kontakbesonderhede van die personeel is soos volg:

8.1.2.1 Me Rochelle Sylvester, 021 938 9129, sylvester@sun.ac.za

8.1.2.2 Me Colleen Coetzee, 021 938 9458, colleenc@sun.ac.za.

8.1.3 Afsprake om met personeel op kampus te konsulteer is ook beskikbaar, kontak asseblief die bogenoemde personeel om 'n afspraak te maak vir 'n konsultasie op die kampus.

### 8.2 NSFAS-toelaes*

*Die onderstaande inligting is korrek ten tyde van publikasie, maar kan op kort kennisgewing verander afhangend van enige verandering wat NSFAS amptelik kommunikeer

8.2.1 Die tydlyne en besonderhede van toelaagbetalings vir NSFAS-studente sal gekommunikeer word sodra inligting van NSFAS ontvang is, Die Sentrum vir

Voorgraadse Beurse en Lenings sal kommunikasie aan alle NSFAS-befondsde studente stuur.

8.2.2 Vir inligting oor NSFAS van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings: klik hier

8.2.3 Alle NSFAS-verwante navrae moet by die Studentefinansies Dienstoonbank aangeteken word, kies die "Voorgraadse Beurse"-oortjie en kies die "NSFAS-navrae-opsie"

**LET WEL:** Alle toelaes sal via die Intellimali-stelsel verwerk word.

8.3 **Toelaes vir beurse van private skenkers en provinsiale departemente vir voorgraadse studente**

8.3.1 Afsprake om personeel te raadpleeg kan via Microsoft Teams geskeduleer word, die kontakbesonderhede van die personeel is soos volg:

8.3.1.1 Me Rochelle Sylvester, 021 938 9129, sylvester@sun.ac.za

8.3.1.2 Me Colleen Coetzee, 021 938 9458, colleenc@sun.ac.za.

8.3.2 Afsprake om met personeel op kampus te konsulteer is ook beskikbaar, kontak asseblief die bogenoemde personeel om 'n afspraak te maak vir 'n konsultasie op die kampus.

8.3.3 Toelaes en beurskodering kan slegs plaasvind wanneer ons 'n beloftebrief (bevestiging van befondsing vir 2026) van die borg ontvang het.

8.3.3.1 Studente kan hul beloftebriewe e-pos aan die bogenoemde personeellede of na tygbursaries@sun.ac.za

**LET WEL:** Alle toelaes sal via die Intellimali-stelsel verwerk word.

## 9. Registrasie verantwoordelikhede en laat registrasie

9.1 Alle voornemende studente wat vanaf 2026 aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer, moet betyds ingevolge hierdie registrasieprogram, soos in item 1 bepaal, as student registreer.

9.2 Indien jy vertraag word met registrasie, om watter rede ook al, moet jy met die Fakulteitsadministrateur, me Megan Jantjies (e-pos: fmhsregistration@sun.ac.za), reël om laat te registreer met die volgende bepalings:

9.2.1 'n Laatregistrasiefooi van R 1 000 sal na 5 Februarie gehef word. Hierdie fooi sal kwytgeskeld word vir studente wat bewyse het dat hulle finansiële beperkings in die gesig staar of wat goed gedokumenteerde en redelike regverdigings vir hul vertraagde registrasie kan verskaf wat buite hul beheer is.

9.2.2 Die besluit om jou toe te laat om laat te registreer, sal afhang van jou motivering (met stawende bewyse) om terug te keer na die program en of die program jou op daardie laat stadium vir die 2026 akademiese jaar kan akkommodeer.

9.2.3 Jou finale toelating kan gekanselleer word indien jou voornemende program vol is, aangesien programme kan sluit sodra die teikenaantal studente bereik is. Registrasie sal dus op 'n eerste-kom-eerste-bedien-basis plaasvind.

## 10. Koshuisplasingsnavrae

Navrae oor koshuisplasing vir voorgraadse studente by die Tygerbergkampus kan na me Annelie Scholtz verwys word by amscholtz@sun.ac.za of 021 938 9378 of besoek:

- Koshuisinligting
- Privaat verblyf:

- www.digsconnect.com / www.thedigs.co.za (e-pos: info@thedigs.co.za)

Vir navrae oor koshuisplasing op die Stellenbosch-kampus kontak info@sun.ac.za of 021 808 9111.

## 11. Kontrolering van Registrasiebewys

11.1 Die onus rus op elke student om, sodra die bewys van registrasie wat hulle program en modules vir die jaar bevat, by registrasie aan hulle oorhandig word, dit te kontroleer om seker te maak dat:

11.1.1 die program korrek is;

11.1.2 al die modules wat in die betrokke jaar gevolg gaan word, daarop verskyn; en

11.1.3 dat dit die korrekte module(s) is, d.w.s. nie bv. 122 as dit 112 moet wees nie, ens.

11.2 Indien foute voorkom, moet dit vóór of op **Vrydag, 20 Februarie 2026** by die Fakulteitsbeampte, Mnr Bernard Makhotla, kamer 1058, Kliniesegebou, Tygerberg-kampus, reggestel word, of by me Jamie-Lee Fredericks, kamer 2004, Inorganiese Chemiegebou, Stellenbosch-kampus .

## 12. Voldoening aan Module- en Programvereistes

Studente moet voor, tydens en na registrasie en ook aan die begin van die tweede semester seker maak dat hulle aan alle slaag-, voor- en newevereistes vir die betrokke modules wat hulle volg, voldoen, sowel as enige programspesifieke vereistes. Sien die FGGW Jaarboek (Deel 12) in hierdie verband.

## 13. Inentings

13.1 Die volgende is kernaanbevelings vir studente in die FGW

Alle studente moet:

- die **noodsaaklike inentings ontvang**, verkieslik tydens inskrywing en vóór kliniese blootstelling.
- toegang hê tot leiding en voorligtingsmateriaal oor **inentingsaanbevelings.**
- 'n bygewerkte rekord van hul persoonlike **inentingsgeskiedenis** hou.

**INENTING-PRIORITEITSMATRIKS**

| Inenting | Prioriteit | Rasionaal vir aanbeveling | Aantekeninge |
|---|---|---|---|
| **Hepatitis B** | **Noodsaaklik** | Die voorkoms van Hepatitis B bly hoog in Afrika (6%). Gesondheidswerkers en studente loop 'n verhoogde risiko om hierdie ernstige, voorkombare siekte op te doen. | Dit kan meer koste-effektief wees om teenliggaamstatus te toets en slegs te ent indien die anti-HBs-vlak <10 IU/L is. |

| Inenting | Prioriteit | Rasionaal vir aanbeveling | Aantekeninge |
|---|---|---|---|
| **Hepatitis A** | **Noodsaaklik** | Die blootstellingsrisiko vir Hepatitis A is hoog vir gesondheidswerkers en laboratoriumpersoneel. Ongeveer 20% van volwassenes is nie-immuun en het 'n risiko om 'n ernstige, langdurige siekte te ontwikkel. | Dit kan meer koste-effektief wees om teenliggaamstatus te toets en slegs te ent indien nie-immuun. |
| **Masels/ Pampoentjies/ Rubella (MMR)** | **Noodsaaklik** | Gesondheidswetenskappe-studente loop 'n hoë risiko om hierdie entstof-voorkombare siektes op te doen. Immuniteit van maselentstof neem af in volwassenheid en vereis 'n hupstootdosis tydens uitbrekings. | Ook beskikbaar as 'n alleenstaande maselentstof of masels-rubella-entstof. |
| **Varicella (Waterpokkies)** | **Noodsaaklik** | Varicella is 'n uiters aansteeklike luggedraagde infeksie. Alle studente moet die varicella-entstof ontvang, tensy hulle definitiewe bewys het dat hulle reeds natuurlike infeksie gehad het. | Dit kan meer koste-effektief wees om teenliggaamstatus te toets en slegs te ent indien nie-immuun. |
| **TdaP (Tetanus, difterie, asellulêre kinkhoes)** | **Noodsaaklik** | Suid-Afrika ervaar herhalende uitbrekings van difterie en kinkhoes, wat die risiko van blootstelling en siekte vir gesondheidswerkers verhoog. | Ook beskikbaar as 'n 4-in-1 entstof wat tetanus, difterie, kinkhoes en polio dek. |
| **Griep (Influenza)** | **Sterk aanbeveel** | Gesondheidswerkers moet jaarliks die griepinenting ontvang om hulself, hul pasiënte en hul kollegas te beskerm. Inenting verminder virale oordrag, voorkom ernstige komplikasies by kwesbare pasiënte, beskerm hospitaalpersoneelvlakke en vervul die professionele "plig van sorg" om skade te voorkom. | Hierdie entstof word jaarliks vereis en moet toegedien word sodra dit beskikbaar is – gewoonlik tussen Maart en April. |
| **Meningo-kokkus** | **Sterk aanbeveel** | Gesondheidswetenskappe-studente in Suid-Afrika loop 'n verhoogde risiko vir meningokokkus-blootstelling en -oordrag weens jong ouderdom, noue kontak in koshuise en blootstelling in kliniese omgewings. Alhoewel die siekte-voorkoms laag is, is die gevolge verwoestend, met vinnige progressie na meningitis, septisemie en dood. Oorlewendes kan langtermyn gestremdhede hê soos doofheid, breinskade of ledemaatverlies. | 'n Vierwaardige entstof (MCV4) bied beskerming teen ongeveer 60–70% van die siekteveroorsakende serogroepe, terwyl die MenB-entstof serogroep B teiken, wat 30–40% van gevalle by adolessente en jong volwassenes veroorsaak. |

13.2 Alle studente wat vir MBChB I, BSc in Dieetkunde, B Spraak-, Taal- en Gehoorterapie I, BSc in Fisioterapie I, B Verpleegkunde I en B Arbeidsterapie I gekeur is, moet op

Hepatitis B getoets word deur hul mediese praktisyn of deur Kampusgesondheidsdienste (CHS) op die Tygerberg-kampus. Studente wie se resultate negatief is, moet betyds teen Hepatitis B geïmmuniseer word voordat hulle by die Universiteit aanmeld as studente.

13.3 Alle eerstejaarstudente moet amptelike bewys van inenting, toegedien deur 'n geregistreerde verpleegkundige of mediese dokter, indien. Let asseblief daarop dat die *Road to Health*-boekie nie vir hierdie doel aanvaar sal word nie.

13.3.1 **BSc in Fisioterapie I**-studente hoef nie bewys van inenting by die Afdeling Fisioterapie in te dien nie.

13.3.2 **BSc in Dieetkunde I**-studente moet hul bewys van inenting tydens die akademiese oriënteringsprogram indien, maar uiterlik voor die einde van Januarie 2026 by die Afdeling Menslike Voeding, Onderwysgebou, Tygerberg-kampus.

13.3.3 **B Verpleegkunde** I-studente moet hul bewys van inenting tydens die akademiese oriënteringsprogram indien, maar uiterlik voor die einde van die akademiese jaar in 2026, by Me. R. Petersen in die Departement Verpleegkunde en Vroedkunde.

13.3.4 **MBChB I**-studente moet hul resultate teen Woensdag, 4 Februarie 2026, per e-pos na mbchb@sun.ac.za stuur.

13.3.5 **B Arbeidsterapie I**-studente hoef nie bewys van inenting by die Afdeling Arbeidsterapie in te dien nie.

13.3.6 **Spraak-, Taal- en Gehoorterapie I**-studente moet hul bewys van inenting uiterlik teen die laaste dag van die eerste kwartaal van 2026 by Me. H. Kruger in die Afdeling Spraak-, Taal- en Gehoorterapie inhandig.

## 14. Veiligheidsriglyne

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe heg groot waarde aan die veiligheid van studente. Dit sluit die veiligheid van studente in waar opleiding by verspreide opleidingsfasiliteite plaasvind. 'n Omvattende stel veiligheidsriglyne is vir hierdie doel opgestel en sal aan studente beskikbaar gestel word aan die begin van die eerste jaar.

## 15. Onderrig/Kliniese Opleiding op die Verspreide Platform

Onderrig en kliniese opleiding oor die verspreide gesondheidsorgplatform vorm 'n integrale deel van ons kurrikulum. Alle onderrig en kliniese opleiding sal, vanaf die eerste jaar van studie, aangebied word op die Tygerberg- en/of Stellenbosch-kampus, asook in die Tygerberg-hospitaal, en in verskeie geakkrediteerde plaaslike en verspreide hospitale en klinieke in die Wes-Kaap, afhangende van die spesifieke program.

Vir die finale jaar van die MBChB-program (jaar 6) is daar 'n verpligte 36-week Verspreide Kliniese Leerlingkap, wat die hele finalejaar-klas buite Tygerberg-hospitaal plaas.
Hoewel MBChB-opleiding in jaar 4 en jaar 5 in 'n stedelike omgewing plaasvind, sal ten minste die helfte van die finalejaar-klas vir die hele jaar by landelike opleidingskomplekse opgelei word, terwyl die oorblywende studente van die 6de jaar by stedelike

opleidingskomplekse opgelei sal word. Al die opleidingskomplekse is binne die Wes-Kaap geleë.

**LET WEL:** Die plasing van studente by verspreide fasiliteite is verpligtend, en studente het nie 'n keuse oor of hulle dit in hul opleiding wil insluit of waar hulle vir opleiding geplaas word nie.

**-EINDE-**